187995552.16321996

VOLKSBLAD (Noord Kaap)
25 May 2012
P. 2
Northern Cape

COPY : ORIGINAL NOT AVAILABLE

Circulation : ABC(Jan 2012-Mar 2012)
Avg Circ : 23375
Net Sales : 0
C.F.D. : 0
Net Distr : 0
Bulk Free : 0

9508001-Aggregate and Sand Producers Association

109mm x 168mm
A.V.E. = R 5,688.60

Material supplied may be used for internal review, analysis or research only.
Any editing, reproduction, public showing or public display is forbidden, and may violate copyright laws.

VOLKSBLAD (Noord Kaap)
25 May 2012, p.2

DA vra soektog moet volgehou word

Anena Burger

UPINGTON. – Die voorbeeld van die Chileense regering toe reddingspanne 69 dae lank onverpoos gewerk het om mynrampslagoffers te red, moet deur die Suid-Afrikaanse regering gevolg word, sê Andrew Louw, Noord-Kaapse DA-leier.

Louw het gister na die Bontekoemyn sowat 30 km van Kleinzee af vertrek om self te gaan kyk na die reddingspoging hier waar 'n tiental onwettige mynwerkers onder die grond vasgekeer is.

Die DA is bewus daarvan dat die mense sonder toestemming die myn ingegaan het, maar dit beteken nie dat hul lewe goedkoper is as ander s'n nie, sê Louw.

"Onwettige mynbedrywighede is verkeerd, maar in Suid-Afrika vorm dit deel van 'n baie groter probleem: 'n hoë werkloosheidsyfer en armoede wat tot op hede nie genoeg aandag van die regering geniet het nie."

Volgens **Sapa** het die Vereniging van Aggregaat-en-sandvervaardigers van Suid-Afrika (Aspasa) ook gister onwettige mynbedrywighede sterk veroordeel en gesê die verkopers van onwettige mynprodukte moet ten sterkste vervolg word.

Die vereniging het gesê: "Ondanks duidelike wetgewing wat deur die bedryf toegepas en nagevolg word, is onwettige mynbedrywighede steeds volop. Die vermoë en belangstelling om oortreders te vervolg, bestaan nie."

Nico Pienaar, direkteur van Aspasa, sê: "Onwettige myn- en steengroefbedrywighede het 'n groot voordeel bo wettige ondernemings. Hulle betaal nie belasting nie en dra ook nie by tot die bedryf se lewensvatbaarheid nie."

Volgens Pienaar is hierdie bedrywighede nie net beperk tot sindikate nie. Dit gebeur ook in munisipaliteite en by sekere konstruksiemaatskappye.

Pienaar hoop 'n uitspraak deur die grondwethof oor die regulasies van mynbedrywighede binne die bedryf sal 'n verandering teweegbring. Net in die afgelope week was daar drie voorvalle waarin onwettige mynwerkers ondergronds vasgeval het: in Welkom in die Vrystaat, Kleinzee in die Noord-Kaap en ook in Johannesburg.

In die jongste voorval is twee Zimbabwiërs in 'n ongebruikte skag van die Durban Deep-goudmyn in Johannesburg vasgekeer. Hulle was deel van 'n groep en is in 'n rotsstorting vasgekeer. Ses mans het ontkom en hulp ontbied.

MMG2012146143852